# Voorsprong Afrikaans

## Gr. 11 EAT

# Werkboek

S. Roux
L. Roux

VOORSPRONG
BOEKE

ISBN: 978-0-6397-0258-2

VoorsprongBoeke

# INHOUDSOPGAWE


**DEEL 1: BEGRIP**

Vraag 1: Begripsoefening .......... 4
Vraag 2: Begripsoefening .......... 11

**DEEL 2: LUISTER**

Vraag 1: Luisteroefening .......... 17
Vraag 2: Luisteroefening .......... 19

**DEEL 3: OPSOMMING**

Vraag 1: Opsomming .......... 21
Vraag 2: Opsomming .......... 23

**DEEL 4: TAAL**

Oefening 1: Byvoeglike naamwoorde, lidwoorde, selfstandige naamwoorde, voornaamwoorde .......... 27
Oefening 2: Bywoorde, ontkenning, tye, werkwoorde .......... 32
Oefening 3: Sinsoorte, voegwoorde, woordorde .......... 36
Oefening 4: Spelpatrone, lees- en skryftekens .......... 40
Oefening 5: Kritiese taalbewustheid en visuele geletterdheid .......... 43
Oefening 6: Betekenisleer en figuurlike taal .......... 54
Oefening 7: Deelwoorde en woordvorming .......... 58
Oefening 8: Direkte en indirekte rede .......... 61
Oefening 9: Begripsoefening en lydende en bedrywende vorm .......... 64
Oefening 10: Klankleer en telwoorde .......... 68
Oefening 11: Geïntegreerde taaloefening .......... 71

**DEEL 4: *VERNEUKKIND EN ANDER VERHALE***

1. *Verneukkind* – Fanie Viljoen .......... 77
2. *Koning van die Townships* – Rudi Daniels .......... 83
3. *Die geskenk* – Elsa Joubert .......... 91
4. *Die invloed* – Pirow Bekker .......... 95
5. *Bodyguards* – Anzil Kulsen .......... 102
6. *Die kind* – Wilna van Heerden .......... 107

**DEEL 5: *SPRAK OF SPROOK EN ANDER GEDIGTE***

1. *Saalhulp* – Kobus Lombard .......... 115
2. *Oppie Cape Flats* – Willem Fransman (junior) .......... 119
3. *Krokodil* – Johann de Lange .......... 125
4. *Die tarentaal* – S.J. Pretorius .......... 131
5. *Die snoek* – Barend Toerien .......... 136
6. *Testament* – Kobus Lombard .......... 141
7. *Here be Dragons* – Izak de Vries .......... 145
8. *Ek het 'n huisie aan die Rand* – Pirow Bekker .......... 149

**MY EIE NOTAS** .......... 155

**BRONNELYS** .......... 160


VoorsprongBoeke

# DEEL 1: BEGRIP

*Voorsprong Afrikaans Studiegids,* bl. 103

**Vraag 1: Begripsoefening**

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**...**

**VRAE:**

1.1 Waarom word daar in die titel verwys na die pop van goeie hoop? Gee EEN rede.

______________________________________________

______________________________________________ (1)

1.2 Wat is hierdie pop se naam?

______________________________________________ (1)

1.3 Wie se storie vertel sy?

______________________________________________ (1)

1.10 Hoekom sê Basil en Adrian dat hulle teatergeskiedenis maak?

______________________________________________

______________________________________________ (1)

1.11 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die woord "baba" (reël 18) word (denotatief/konnotatief) gebruik.

______________________________________________ (1)

1.12 Motiveer jou antwoord op vraag 1.11.

______________________________________________

______________________________________________ (1)

1.17 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Omkring net die korrekte letter.

VoorsprongBoeke

"Dit het omtrent <u>'n hele dorpie</u> gevat om hierdie kind groot te maak ..." (reël 30 – 31).

<u>'n Hele dorpie</u> verwys na ...

A al die mense van 'n dorp.
B 'n groot gedeelte van die mense op 'n dorp.
C al die geboue in 'n dorp. (1)
D baie mense met spesiale vaardighede.

1.21 Op watter ander manier is Suid-Afrika ook betrek by Amal se staptog? (Verwys in jou antwoord na paragraaf 14).

______________________________________________

______________________________________________ (1)

1.26 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Omkring slegs die korrekte letter.

Haar historiese staptog het vier maande later met 'n groot <u>makietie</u> geëindig. (reël 55)

'n <u>Makietie</u> is 'n ...

A optog.
B begrafnis.
C tipe lapa.
D partytjie. (1)

1.27 "Wat vlugtelinge meer as enigiets kort is die wêreld se empatie." (reël 57)

Stem jy saam met Basil en Adrian? Motiveer jou antwoord.

______________________________________________

______________________________________________ (1)

1.28 Sal jy eendag kans sien vir so 'n lang staptog vir liefdadigheid? Motiveer jou antwoord.

______________________________________________

______________________________________________ (1)

**TOTAAL: 35**

VoorsprongBoeke

**Vraag 2: Begripsoefening**

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VRAE:**

2.3 Die skrywer van die artikel stereotipeer vroue wat by branderplankry betrokke is. Hoe lyk hierdie vroue volgens die skrywer?

______________________________________________________________ (1)

2.4 Wat is die skrywer se mening oor Bianca? Motiveer jou antwoord.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

2.22 Vir Bianca is (haar silwer medalje / die blootstelling vir Life Community Services) die waardevolste.

2.22.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies hierbo om die sin te voltooi. Skryf net die antwoord neer.

______________________________________________________________ (1)

2.22.2 Motiveer jou keuse deur TWEE OPEENVOLGENDE woorde aan te haal.

______________________________________________________________ (1)

**TOTAAL: 35**

## DEEL 2: LUISTER

**Vraag 1: Luisteroefening**

Luister aandagtig na die artikel oor **Betty Nduli** wat deur die onderwyser gelees word, maak luisteraantekeninge en beantwoord dan die vrae.

VoorsprongBoeke

| WOORDELYS | | | |
|---|---|---|---|
| **vertroud** | ***familiar*** | **gemeenskap** | ***community*** |
| **buurt** | ***neighborhood*** | **merkwaardige** | ***remarkable*** |
| **ontwerp** | ***design*** | **kenmerkende** | ***distinctive*** |

## LUISTERAANTEKENINGE

VoorsprongBoeke

**VRAE:**

1.4 Gee TWEE kenmerke van 'n "Mielie Lady" wat Suid-Afrikaners al van jongs af ken.

______________________________________________________________ (2)

1.5 Wanneer het Betty mielies begin verkoop?

______________________________________________________________ (1)

**TOTAAL: 10**

**Vraag 2: Luisteroefening**

Luister aandagtig na die artikel oor die **...** wat deur die onderwyser gelees word, maak luisteraantekeninge en beantwoord dan die vrae.

| WOORDELYS | | | |
|---|---|---|---|
| **haglike** | ***appalling*** | **gered** | ***rescued*** |
| **gesond** | ***healthy*** | **reservaat** | ***sanctuary*** |
| **ontoereikende** | ***inadequate*** | **herstel** | ***heal/recover*** |
| **blykbaar** | ***apparently*** | **verken** | ***explore*** |

## DEEL 3: OPSOMMING

*Voorsprong Afrikaans Studiegids,* bl. 102

**Vraag 1**

Lees die artikel hieronder deur en voer die instruksies uit.

**INSTRUKSIES**

1. Som die WENKE van hoe jy die beste gebruik kan maak van jou wegbreek bos toe in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die wenke puntsgewys neer.
3. Nommer die feite van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

Voorsprongreeks



## Breek weg BOS toe

**'n Vakansie in die bos is net die manier om weer jou bande met die natuur te vestig. Hier is 'n paar wenke oor hoe jy die beste gebruik kan maak van dié tyd.**

**Vraag 2**

Lees die artikel hieronder deur en voer die instruksies uit.

**INSTRUKSIES**

1. Som die SEWE LEWENSLESSE van Mandela wat ons almal kan toepas in jou EIE sinne op.
2. Skryf die lewenslesse puntsgewys neer.
3. Nommer die feite van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

# DEEL 4: TAAL

## OEFENING 1:

## Byvoeglike naamwoorde, lidwoorde, selfstandige naamwoorde en voornaamwoorde

*Voorsprong Afrikaans Studiegids,* bl. 14, 41, 53 en 91

**Vraag 1**

***** Daar is **OPSETLIKE TAALFOUTE** in die artikel gemaak.

Lees telkens die paragrawe van die tydskrifartikel deur en beantwoord die vrae.

VoorsprongBoeke

**Vraag 2**

Gee die KORREKTE vorm van die byvoeglike naamwoord tussen hakies.

2.1 Die gemakstoel is ‘n baie (sag) stoel. ________________________

2.2 Die (droog) gras in die winter lyk treurig. ________________________

**Vraag 3**

Gee die VERGROTENDE TRAP van die woorde tussen hakies.

3.5 Ons rekenaarsentrum is (goed) toegerus as die meeste skole s’n. ________________________

**Vraag 4**

Skryf die OORTREFFENDE TRAP van die woorde tussen hakies neer.

4.2 Ek was die (verleë) op die verhoog van al die akteurs. ________________________

**Vraag 5**

5.1 Onderstreep/glim die aanwysende voornaamwoord.

Dié sanger het mense laat regop sit.

5.2 Gee die KORREKTE wederkerige voornaamwoord vir die woorde tussen hakies.

Jan Blohm en TiNo ken (Jan en TiNo). ______________________________

5.3 Skryf die KORREKTE vorm van die betreklike voornaamwoord vir die woorde tussen hakies neer.

TiNo sien (na + dit) uit om saam met ander sangers die verhoog te deel.

________________________________________________________________

5.4 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.

TiNo is ‘n (volwaardig) musikant. __________________________________

5.5 Onderstreep/glim TWEE verskillende lidwoorde (‘n bepaalde EN onbepaalde lidwoord) in die sin.

Voorsprong Boeke

TiNo is tans 'n eerstejaarlandboustudent aan die Elsenburg-kollege.

5.6 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

TiNo neem sy sangloopbaan (ernstig) op. ______________________________

5.7 Gee die VERKLEINING van die woord tussen hakies.

TiNo het by sy (oupa) geleer om te boer. ______________________________

5.8 Gee die KORREKTE persoonsnaam vir die woord tussen hakies.

TiNo is die (skryf) van 'n klomp liedjies. ______________________________

5.9 Gee die PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD vir die woorde tussen hakies.

Ek glimlag altyd wanneer ek (bewonderaars) my liedjies hoor sing.

______________________________________________________________

VoorsprongBoeke

**OEFENING 2:**

**Bywoorde, ontkenning, tye en werkwoorde**

*(Voorsprong Afrikaans Studiegids,* bl. 17, 51, 70, 95 *)*

**Vraag 1**
Die taalvrae is gebaseer op die artikel hieronder.

1.3 Skryf die sin oor en begin met die BYWOORD VAN TYD.

Hy is tans die vinnigste op sy hande.

______________________________________________________________

1.4 Skryf die sin in die TEENWOORDIGE TYD.

Hy het 20 m in 4.78 sekondes afgelê.

______________________________________________________________

1.10 Skryf die sin in die INFINITIEF.

Zion wil aan Olimpiese stoei deelneem.

Begin só: Zion behoort ... .

---

1.11 Skryf die sin in die TOEKOMENDE TYD.

Zion neem deel aan Olimpiese stoei.

---

1.12 Skryf in die VERLEDE TYD.

Lollipop en Sashimi wil die werf oorneem.

---

1.13 Onderstreep/glim die BYWOORD VAN WYSE.

Lollipop en Sashimi neem graag die werf op horings.

1.14 Onderstreep/glim die BYWOORDELIKE BEPALING VAN TYD.

Hul rekordtyd in 2021?

1.15 Skryf die sin oor en begin met die BYWOORD VAN WYSE.

Hulle het die toertjies gou begin doen.

---

1.17 Skryf die sin in die ONTKENNENDE VORM.

Hulle het die toertjies self begin doen.

---

1.18 Skryf die vraag oor in die NEGATIEF.

Het jy met die toertjies gehelp?

---

1.19 Beantwoord die vraag in die NEGATIEF.

Het jy met die toertjies gehelp?

Begin só: Nee, ...

VoorsprongBoeke

1.20 Skryf die sin in die INFINITIEF.

Lollipop stoot Sashimi op die skopfiets.

Begin só: Lollipop hoef nie ...

## OEFENING 5:

## Kritiese taalbewustheid en visuele geletterdheid

*Voorsprong Afrikaans Studiegids,* bl. 33, 74

**Vraag 1**

Beantwoord telkens die vrae oor die visuele tekste hieronder.

1.1 Wat impliseer die ouers deur pamflette vir universiteite in ander provinsies oral in die huis te los (raampie 4)?

1.2 Kyk na die ouers se gesigsuitdrukkings in raampie 4. Hoe voel hulle?

1.3 Hoe weet jy dat die ouers in raampie 1 baie bly is? Noem TWEE visuele tegnieke.

1.4 Kyk na die ouers se liggaamstaal en gesigsuitdrukkings in raampies 1 – 3. Dink jy hulle voel so terwyl Jeremy (die seun) nog in die huis bly? Motiveer jou antwoord.

VoorsprongBoeke

1.5 Watter houding het Mama in raampie 4 oor die maniere waarop brandstof bespaar kan word? Waarom sê jy so?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

1.6 Hoekom is Jeremy se woorde in raampie 3 ironies?

______________________________________________________________

1.7 Hoe word tieners in hierdie strokiesprent gestereotipeer?

______________________________________________________________

**Vraag 2**

Bestudeer die grafika hieronder en beantwoord die vrae.

2.1 Watter een van die sosiale media is die gewildste onder Suid-Afrikaanse werksoekers?

______________________________________________________________

2.2 Wat is die funksie van die gebruik van die sosiale media se logo's?

______________________________________________________________

2.3 Op watter visuele manier dui die grafiek aan dat werksoekers voel dis belangrik om 'n profiel op sosiale media te hê?

______________________________________________________________

2.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie grafiek is op (menings/feite) gebaseer. Skryf net die woord neer.

______________________________________________________________

2.7 Motiveer jou antwoord op vraag 2.6.

______________________________________________________________

VoorsprongBoeke

**Vraag 3**

Bestudeer die infografika en beantwoord die vrae.

3.1 Wat is die onderwerp van hierdie stel grafieke?

______________________________________________

3.4 Kyk na die inligting oor gesondheidsdienste.

3.4.1 Wat is die verskil tussen die persentasie mense wat tevrede is met die mediese sorg by openbare gesondheidsdienste en dié wat gebruik maak van private mediese dienste?

______________________________________________

______________________________________________

3.8.3 Watter gevolgtrekking kan lesers uit hierdie inligting maak?

______________________________________________

**Vraag 4**

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae.

4.5 Dui telkens aan hoe die verskille tussen die twee spanne uitgebeeld word ten opsigte van:

4.5.1 hulle gesigsuitdrukkings:

______________________________________________

4.5.2 hulle lyftaal:

______________________________________________

______________________________________________

4.5.3 waar hulle in die spotprent geplaas is:

______________________________________________

______________________________________________

4.8 Watter visuele tegniek gebruik die kunstenaar om beweging in die spotprent mee aan te dui?

______________________________________________



VoorsprongBoeke

4.11 Wat is die funksie van die uithangbord op die spotprent?

______________________________________________________________________

**Vraag 5**

Bestudeer die advertensie hieronder en beantwoord die vrae.

5.1 Wat word in hierdie advertensie geadverteer?

______________________________________________________________________

5.2 Wie is die adverteerder?

______________________________________________________________________

5.3 Kies die KORREKTE antwoord om die stelling mee te voltooi. Skryf slegs die letter langs die vraagnommer neer.

Daar word van ... gebruik gemaak in die advertensie.

A stereotipering
B manipulering
C oorreding
D veralgemening

5.3 _________

5.4 Motiveer jou antwoord op vraag 5.3 met TWEE redes.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

VoorsprongBoeke

## OEFENING 6:

## Betekenisleer en figuurlike taal

*Voorsprong Afrikaans Studiegids,* bl. 5

Lees die brief en beantwoord dan die vrae.

**Vraag 1**

Gee telkens 'n SINONIEM vir die **vetgedrukte woorde** in die sinne hieronder.

**Vraag 2**

Gee telkens 'n ANTONIEM **vir die vetgedrukte woorde** in die sinne hieronder.

**Vraag 3**

Maak telkens 'n sin met die HOMONIEM van die **vetgedrukte woord** sodat die betekenis duidelik blyk.

**Vraag 4**

Maak telkens 'n sin met die HOMOFOON van die **vetgedrukte woord** sodat die verskil in betekenis duidelik blyk.

**VRAAG 5**

Maak TWEE sinne met die **vetgedrukte woord.** BEIDE sinne moet verskil in betekenis. **(Polisemie)**

**Vraag 6**

VOLTOOI telkens die onderstaande idiome deur die korrekte woord in te vul. Kies die woorde uit die kolom hieronder. (Die betekenis van die idiome is tussen hakies na die idioom.)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| klip | vuurmaakplek | handskoene | stilbly | vind |
| vlerk | stom | knippie | klei | goud |

## OEFENING 7:

## Deelwoorde en woordvorming

*Voorsprong Afrikaans Studiegids*, bl.18, 99

Die vrae is op die onderstaande artikel gebaseer.

**Vraag 1**

Gee telkens die korrekte vorm van die SWAK VERLEDE DEELWOORD tussen hakies.

1.1 Rico is besig om die (natgereën) tekeninge weg te pak.

______________________________

1.2 Die (weggepak) tekeninge is nou veilig.

VoorsprongBoeke

**Vraag 2**

Gee elke keer die korrekte vorm van die STERK VERLEDE DEELWOORD tussen hakies.

2.2 Die (skryf) dialoog is baie grappig.

## OEFENING 11:
## Geïntegreerde taaloefening

Die taalvrae wat volg is gebaseer op die onderstaande koerantartikel.

**VRAE:**

1. "Ollies knip uiltjies."
   Verduidelik wat die onderstreepte UITDRUKKING beteken.

2. Gee die korrekte vorm van die ONVOLTOOIDE DEELWOORD tussen hakies.
   Die (staan) olifante het interessante geluide gemaak.

3. Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.
   Die olifante sal sonder slaap klaarkom.

4. Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.
   Olifante slaap slegs in die heel (vroeë) oggendure.

16. Gee 'n SINONIEM vir die onderstreepte woord.
    Die studie het net die slaappatrone van twee matriarge gemeet.

17. Gebruik die HOMONIEM van die onderstreepte woord in 'n VERKLARENDE SIN.
    Die studie het net die slaappatrone van twee matriarge gemeet.

Voorsprong Boeke

18. Skryf die onderstreepte sin oor in die BEDRYWENDE VORM.
Daar is bevind omgewingstoestande kan met slaap verbind word.

______________________________________________________________

20. Skryf die in oor in die DIREKTE REDE.
Manger sê dat REM-slaap nodig is om geheue te konsolideer.
Begin só: Manger sê: " ... ."

______________________________________________________________

21. Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.
Hulle het nie (elke dag) REM-slaap nodig nie.

______________________________________________________________

22. Waarvoor staan die onderstreepte AFKORTING?
Hulle sal tot 30 km ver wegstap.

______________________________________________________________

23. Skryf die sin in die INFINITIEF.
'n Studie oor die bulle kan uiters interessant wees.
Begin só: 'n Studie oor die bulle behoort ...

______________________________________________________________

24. Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.
Manger sê: "Ek dink die studie van die bulle kan interessant wees."
Begin só: Manger sê dat ...

______________________________________________________________

28. Gebruik die HOMONIEM van die onderstreepte woord in 'n VERKLARENDE SIN.
Die dieretuine se kos is van beter gehalte.

______________________________________________________________

29. Dui die BEPALER aan in die onderstreepte woord.
Dieretuine se kos is van goeie gehalte.

______________________________________________________________

VoorsprongBoeke

# DEEL 4: *VERNEUKKIND EN ANDER VERHALE*

**Samesteller: Nicol Faasen**

**Teorie:** *Voorsprong Afrikaans Studiegids, bl. 119*

## 3. *Die geskenk*

Elsa Joubert

**1. Titel**

Die titel van hierdie kortverhaal is IRONIES. Wanneer iemand vir jou 'n geskenk gee, is dit iets nuuts wat spesiaal vir jou gekoop is. Die leser kan egter aflei dat die geskenk wat die pa vir die verteller gee, tweedehands is en dat hy dit nie oorspronklik vir haar gekoop het nie.

**2. Milieu**

Die verhaal speel af in 'n woonbuurt naby die see.

**3. Karakters**

**HOOFKARAKTER**

❖ **'n Dogtertjie**

Die anonieme ek-verteller.

**NEWEKARAKTERS**

❖ **Pa**

Die pa van die dogtertjie.

❖ **Nora**

Die huishulp van die pa en die dogtertjie. Ons hoor slegs van haar.

**4. Tydsverloop**

Die VERTELTYD van hierdie kortverhaal is ongeveer 1¼ bladsye.

Die VERTELDE TYD is 'n paar dae.

**5. Vertellersperspektief**

Ons tref 'n anonieme ek-verteller in hierdie verhaal aan – die dogtertjie. Die verhaal word slegs vanuit haar oogpunt vertel.

## VRAE:

1. Op watter TWEE tye van die dag sien die verteller haar pa?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

VoorsprongBoeke

2. Watter EEN woord in paragraaf 1 gee vir die leser ŉ aanduiding dat die verteller en haar pa naby die see woon?

____________________________________________________________

3. Die kommunikasie tussen die verteller en haar pa is baie goed.

Motiveer waarom die stelling ONWAAR is.

____________________________________________________________

14. Haar pa het die aand terwyl hy sy drankie gedrink het, die horlosie vir die verteller gegee.

Gee TWEE tekens wat bewys dat die pa nie die horlosie spesiaal vir sy dogtertjie gekoop het nie.

____________________________________________________________

____________________________________________________________

15. Waarom, sê die verteller se pa, het hy vir haar die horlosie gekoop?

____________________________________________________________

16. Wat LEI die verteller AF uit die feit dat die horlosie nie mooi verpak was nie?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

17. Wat kan die leser AFLEI uit die feit dat die horlosie na ŉ ander vrou geruik het?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

23. Wat SIMBOLISEER die teruggee van die horlosie?

____________________________________________________________

24. Wat is die BOODSKAP van die verhaal?

____________________________________________________________

VoorsprongBoeke

# DEEL 5: *SPRAK OF SPROOK EN ANDER GEDIGTE*

**Samesteller: Carine Janse van Rensburg**

**Teorie:** *Voorsprong Afrikaans Studiegids,* bl. 107

## 2. *Oppie Cape Flats*

***(Met apologie aan Toon van den Heever)***

**Willem Fransman (junior)**

Die digter dra hierdie gedig ***Met apologie aan Toon van den Heever*** op:

Dit is poëtiese tradisie om ander digters (gewoonlik invloedryke digters) se werk te herskep om dit in ’n ander konteks te plaas of om ’n nuwe interpretasie van die saak voor te stel. Baie digters sal dan hulle werk “met apologie” aan die oorspronklike digter opdra omdat hulle dit verander het.

***Oppie Cape Flats*** se interteks is ***In die Hoëveld*** deur Toon van den Heever. Die VERSKILLE tussen die twee gedigte is:

| ***Oppie Cape Flats*** | ***In die Hoëveld*** |
|---|---|
| Die gedig is in Kaapse Afrikaans geskryf. | Die gedig is in Standaardafrikaans geskryf. |
| Die ruimte is baie beknop. | Daar is oop ruimtes. |
| Die mense kan skaars die hemel sien. | Die mense kan die hemel sien. |
| Hulle kan glad nie lekker asemhaal hier nie. | Hulle kan vry asemhaal. |
| Hulle voel asof God van hulle vergeet het. | Hulle voel dat hulle aan God kan glo. |
| Die spreker droom van die lekker tye, soos disko’s, swendelary, ens. | Die spreker droom van die winde op die Hoëveld. |
| Hy dink aan alles wat hy verkeerd gedoen het as kind. | Hy dink aan al die mooi plekke waar hy as kind kleiosse gemaak het. |
| Die toon van die gedig is verlangend en selfverwytend. | Die toon van die gedig is verlangend, nostalgies, hartseer . |

**OOREENKOMSTE** tussen die twee gedigte:

- ✓ Albei sprekers verlang na vroeër tye toe hulle gelukkig was.
- ✓ Al twee gedigte lewer sosiale kommentaar.

***In die Hoëveld*** lewer sosiale kommentaar oor hoe mans as gevolg van die Groot Depressie gedwing is om van die platteland stad toe te trek om in die myne te werk waar uiters swak omstandighede geheers het.

***Oppie Cape Flats*** lewer kommentaar op die volgende omstandighede:

Kleurlinge is as gevolg van wetgewing gedwing om na die Kaapse Vlakte te trek waar daar geen infrastruktuur, werk of afleiding was nie nie. Die armoedige omstandighede en niksdoen het kinders en volwassenes gedryf na dwelmmisbruik, bendegeweld en misdaad. Sosiale probleme in hierdie gemeenskap het dus geweldig vererger.

**VRAE:**

1. Waarom is dit funksioneel dat hierdie gedig in Kaapse Afrikaans geskryf is?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

2. Daar word van INVERSIE gebruik gemaak in reël 1.

2.1 Dui die inversie aan.

________________________________________________________

________________________________________________________

2.2 Wat is die funksie van die inversie? Verduidelik volledig.

________________________________________________________

________________________________________________________

________________________________________________________

3. “en djy skaars die hiemel boe kan sien” (r. 2)

3.1 Wat is die DENOTATIEWE betekenis van “hiemel” (r.2)?

VoorsprongBoeke

______________________________________________

3.2 Wat is die KONNOTATIEWE betekenis van “hiemel” (r. 2)?

______________________________________________

4. Die seuns van die Kaapse vlakte speel in die strate.

Motiveer waarom die stelling WAAR is deur TWEE OPEENVOLGENDE versreëls aan te haal.

______________________________________________

______________________________________________

5. Lees reëls 5 – 6.

5.1 Wie word hier gestereotipeer?

______________________________________________

5.2 Hoe word hulle gestereotipeer?

______________________________________________

6. Watter sosiale probleem word aangespreek in reël 8?

______________________________________________

10. Voltooi die stelling deur telkens die KORREKTE woord in te vul. Kies uit die woorde in die blokkie hieronder.

| verstaan; krisis; grootgeword; gebore; klimaks; beskrywing |
|---|

Dit is funksioneel dat strofe 1 eindig met “Daar het ek opgegroei, ...” in plaas daarvan dat dit begin het met byvoorbeeld “Ek het opgegroei op die Cape Flats...”, WANT die leser wonder aanvanklik waarom die spreker so ‘n volledige

________________________ van die Kaapse vlakte gee. Dit loop dan uit op

die ______________________: dat dit die plek is waar hy _________________

het. Nou kan die leser __________________ hoekom die spreker is soos hy is.

VoorsprongBoeke

## BRONNELYS


1. Taalkommisie van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns: *Afrikaanse woordelys en spelreëls.* Pharos. Elfde, verbeterde en omvattend herbewerkte uitgawe 2017, Eerste druk 2017.
2. Odendal, F.F. & R.H. Gouws: *HAT*. Perskor, Vierde uitgawe 2000.
3. Faasen, Nicol (samesteller) *Verneukkind en ander verhale.* Maskew Miller Longman. 2015.
4. J. van Rensburg, Carine (samesteller): *sprak of sprook en ander gedigte*. Maskew Miller Longman. 2015.
5. Prinsloo, Anton F.: *Spreekwoorde en waar hulle vandaan kom*. Pharos, 2004.
6. Departement van Basiese Onderwys: *Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)*: Verdere onderwys- en opleidingsfase gr. 10 – 12, 2011.
7. Departement van Basiese Onderwys: *Official languages: FAL Examination Guidelines: Gr 12*, 2021.
8. VoorsprongBoeke: *VoorsprongAfrikaans gr. 7 – 12 EAT: Studiegids.* VoorsprongBoeke, 2022.
9. VoorsprongBoeke: *Werkboek: sprak of sprook en ander verhale.* VoorsprongBoeke, 2019.
10. VoorsprongBoeke: *Werkboek: Verneukkind en ander verhale*. VoorsprongBoeke, 2021.


VoorsprongBoeke